Oordenking
18 Mei 2009

Strewe na hemelse doelwitte

(Kol 3:1-2) .... strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie,

Let op dat die Bybel sê dat ons 'n keuse het: ons kan ons gedagtes rig op die dinge daarbo of op die dinge op die aarde. Ons het altyd 'n alternatief. Vir elke geleentheid om ontslae te raak van sonde, om die vergifnis van God te ontvang en om krag en vernuwing in Christus te ervaar, is daar ook die geleentheid om in ons sonde en verlorenheid te volhard.

Dis 'n kwessie van waarop ons fokus, wat ons prioriteite is en bo alles 'n kwessie van liefde - het ek die Here lief met my hele hart en verstand.

Ons kan ons gedagtes rig op aardse dinge of op hemelse dinge. Ons kan aardse skatte bymekaarmaak, of ons kan fokus op hemelse skatte. Ons eerste prioriteit kan die dinge van die wêreld wees – of ons kan bo alles soek na die Koninkryk van God en sy geregtigheid!

Ons moet kies of ons vir God wil lewe en of ons lewe daarop gerig is om ons sondige natuur tevrede te stel.
As ek gered is, leef ek vir Jesus. Dan rig ek my hart en verstand op *"die dinge wat daarbo is en nie wat op die aarde is nie"*.